St Paulus Preprimêre en Primêre Skool
NUUSBRIEF

Mev M. Gorst-Allman

www.saschools.co.za/stpaulus | Nr. 10 | (012) 804-9670 (012) 804-5039 | 26 Maart 2010

Beste Ouers

Met net 'n paar dae tot die einde van die eerste termyn wil ek graag van hierdie geleentheid gebruik maak om al ons leerders geluk te wens met die vele prestasies op soveel verskillende gebiede in die afgelope kwartaal. Dit was werklik 'n aksie-belaaide paar maande. Dankie aan al ons personeellede wat so onvermoeid gewerk het om ons kinders te ondersteun om die beste te wees wat hulle kan wees. Ons is gelukkig om so 'n toegewyde, talentvolle personeel en sulke ondersteunende ouers te hê. Die sukses van enige skool is 'n huldeblyk aan die positiewe vennootskap tussen die huis en die skool. Dankie, Ma's en Pa's! Ons sal nie sonder u toewyding sulke hoogtes bereik nie.

ONTVANG VAN KOMMUNIKASIES

Waar moontlik kommunikeer ons elektronies aangesien dit die hoeveelheid papier wat gebruik word, beperk, en dit deel is van ons verbondenheid aan die behoud van die Aarde se hulpbronne – ons moet ons bome red! Die Nuusbrief word weekliks per e-pos uitgestuur en kan ook van ons webwerf afgelaai word: www.saschools.co.za/stpaulus. Diegene wat 'n harde kopie wil hê kan met Ronel in die Skoolkantoor reël om weekliks 'n kopie af te haal. [Die Nuusbrief word saam met die termynrapporte uitgestuur om seker te maak dat almal dit ontvang.] SMS-kommunikasie word ook gebruik om kort boodskappe te stuur, en om u op hoogte te hou van kinders se vordering op kampe en toere, en ook om u in kennis te stel van ongeskeduleerde veranderinge aan die namiddag rooster. As u kontakdetails verander het, maak asseblief seker dat u u nuwe informasie aan die Skoolkantoor beskikbaar stel sodat u kommunikasie van die skool kan ontvang.

ASSESSERINGS VIR TERMYN EEN EN TWEE

Die eerste kwartaal rapporte sal op Vrydag, 26 Maart by die klasonderwyseresse verkrygbaar wees. Vele leerlinge gebruik die eerste termyn om gewoond te raak aan die eise van hulle nuwe standerd. Alhoewel sommige leerders dalk 'n bietjie stadig begin, maak hulle goeie vordering gedurende die verloop van die tweede termyn soos hulle selfvertroue groei en hulle aan hulle nuwe onderwyseresse en kurrikulum vereistes gewoond raak. Aan die ander kant is daar leerlinge wat gou gevestig raak en die hersiening en konsolidasie van die eerste termyn met gemak baasraak. Daar mag in die tweede kwartaal 'n daling in die algehele gemiddeld wees soos die werk meer van die kinders vereis. Dit is belangrik om u kind se rapport as gereedskap te gebruik om oor vordering en toewyding te gesels, en om realistiese mikpunte daar te stel vir die volgende termyn. Probeer op die positiewe aspekte konsentreer voordat enige "teleurstellende" uitslae bespreek word, en kyk asseblief ook altyd na die pogingsimbole. Ons kan nie altyd A's in elke leerarea behaal nie, maar elke leerder het die potensiaal om 'n A vir hulle poging te behaal. Leerlinge wat A's vir hulle pogings ontvang, werk tot potensiaal en ons kan nie meer van hulle verwag nie. Hulle verdien lof van Ma en Pa. Ons "Ouer/Onderwyser-aand" vind op 20 April plaas. Kom gerus om u kind se vordering met die onderwyseresse te bespreek.



Die tweede kwartaal is baie kort, en ons wil graag hê dat onderwys en die leerproses deurlopend sal plaasvind. Die volgende reëlings is dus getref: Rapporte vir Voorskool sal soos gewoonlik op die laaste dag van skool (9 Junie) uitgereik word.
Graad Een tot Drie Rapporte sal op 16 Julie beskikbaar wees. Alle leerlinge in Graad Vier tot Sewe sal 'n "Punteskedule" van akademiese prestasie en Pogingsimbole ontvang. Dit sal op 16 Julie uitgereik word.
Ons sal van 19 – 21 Julie 'n Ouers/Onderwyser-middag/aand aanbied – 19 tot 20 Julie vir die Intersenfase en 21 Julie vir die Grondslagfase. Ons wil vra dat alle ouers 'n afspraak sal maak sodat u persoonlike terugvoer kan kry. In Grade Vyf – Sewe, waar leerlinge drie Leerkragte vir kern leerareas het, sal Leerkragte as 'n span beskikbaar wees.

HERWINNINGSNUUS



Herwinning by St Paulus het hierdie kwartaal regtig toegeneem! Die Dorpie sal tot 15 April gesluit wees sodat die toegewyde span sekere aspekte daarvan, wat hulle tot dusver weens werksverpligtinge nie kon doen nie, kan voltooi. Ongelukkig ondervind ons herwinners probleme om 'n maatskappy te kry wat in staat is om die plastiek, mikrogolf-bestande voedselhouers wat spesifiek deur Woolworths verskaf word, te herwin. Hulle hoop om hierdie probleem op te los maar ons vra dat u tot verdere kennisgewing nie hierdie houers sal inhandig vir herwinning nie.
Ek was verheug om op te merk dat ons Graad 7 T klas vir twee weke in 'n ry die wenklas was. Mooi so, Graad Sewes! Onthou, herwinning is een van die vereistes om julle LLK wapentjies te verdien.
Baie geluk aan Mev van Niekerk se Grad 1 klas, wat die wenklas vir die eerste kwartaal was. Hulle sal Donderdag hulle swembad-partytjie kan geniet.
Weeklikse resultate van die Herwinningskompetisies is beskikbaar op ons webwerf: www.saschools.co.za/stpaulus

Die Gesondheidsdepartement reël masels-inentings by skole. Indien u belangstel om u kind te laat inent, vul asseblief die nodige vorm in en stuur dit terug aan ons teen 13 April.

"FRENZIED FOOTBALL VRYDAE"

Die Graad Sewes gaan Bafana-hemde en gedenkwaardighede, wat wissel van wapentjies en serpe tot persoonlike hemde, verkoop. Hulle doen dit as 'n insameling vir hulle Graad Sewe geskenk aan die skool. Daarna sal ons "Frenzied Football Vrydae" hê waar 'n klein fooi as bydrae tot die Graad Sewes se fondse betaal kan word en leerlinge dan hulle Bafana-hemde en gedenkwaardighede kan dra om ons gereed te kry vir die Wêreldbeker. Ondersteun asseblief die Graad Sewes om hulle opgewondenheid aan te wakker, en om geld in te samel. Die Wêreldbeker is 'n een-keer-in-'n-leeftyd ondervinding vir ons kinders. Die Graad Sewes het 'n loodglas kunstenaar, Fanus Boshoff, opdrag gegee om 'n loodglas venster vir ons Gebedskamer te ontwerp. Die ontwerp kan gesien word in die Gebedskamer en op my Kantoorvenster.



ALGEMENE NUUS

Barry se babasussie, Dean Madison, het op 19 Maart by die St Paulus familie aangesluit. Baie geluk aan die Yeomans! Mag hulle babadogter en –sussie vir hulle baie blydskap verskaf. Mev Naysmith, wat waargeneem het terwyl Mev Rütsch met kraamverlof was, sal ons aan die einde van die kwartaal veralaat. Ons bedank haar vir haar hulp. Ronel Olivier, ons inwonende Opvoedkundige Sielkundige, emmigreer vroeg in Mei na Australië. Haar man het 'n paar maande gelede na Perth verhuis en sy is besig om dinge hier te finaliseer voordat sy en hulle twee dogters by hom sal aansluit. Ronel het meer as ses jaar by St Paulus gepraktiseer en nou met ons personeel saamgewerk terwyl sy kinders en hulle ouers bygestaan het. Ons wens haar Gods rykste seën vir haar toekoms toe.

Mag u en u gesinne Gods rykste seën in oorvloed ontvang en mag die vreugde van die Opstand, weer gereflekteer gedurende hierdie Paasseisoen, ons gevoel van hoop hernu. Ons wens u veilige reise toe en mag u in die sekuriteit van God se liefde vasgehou word, tot weersiens.